



LAERSKOOL SIMON VAN DER STEL

3 Augustus 2017

Omsendbrief 21/2017

Geagte Ouers

Hartlik welkom terug aan u en u kinders na die koue wintervakansie. Welkom ook aan die nuwe gesinne wat by ons aangesluit het.

Ons wil graag die volgende inligting met u deel:

A. Kwartaalprogram

Aangeheg is die kwartaalprogram. Plaas dit asseblief op 'n prominente plek en bly asseblief op hoogte van die gebeure. Behalwe vir die akademiese program, sou u oplet dat hierdie kwartaal baie vol is wat betref sport en kultuur.

B. Gronde en Geboue

Personnel van die Onderwysdepartement asook van die Departement van Openbare Werke het die afgelope tyd verskeie besoeke aan ons gerig na aanleiding van dringende herstelwerk wat benodig word aan ons geboue. Ons volg dit voortdurend op.

C. Personnel

Mev. M. Meyer is tot aan die einde van die jaar aangestel by die graad 1 klas in die plek van mev. E. Tobin, wat tans nog met siekverlof is. Baie dankie aan mev. M. Theron, wat tot 11 Augustus die graad 2 klas behartig terwyl mnr. G. van Wyk met siekverlof is.

D. Beheerliggaam

Mnr. G. Vermeulen (Media en Bemarking) en mev. A. Müller (Finansies) het ongelukkig bedank as lede van die beheerliggaam. Mnr. Vermeulen weens werksomstandighede en mev. Müller weens die feit dat hulle uit die omgewing verhuis. Hartlike dank aan albei hierdie beheerliggaamlede vir al die professionele insette en bydraes wat hulle tot ons skool gelewer het. Op die datumlys sou u sien dat ons op 31 Augustus 'n tussenverkiesing van die beheerliggaam gaan hou. Mevv. E. Joubert (Fondsinsameling) en B. Reynard (Borge en Donasies) is tans gekoöpteer en ons moet dus al 4 die posisies permanent vul. Besonderhede word mettertyd aan u gestuur.

Alle voorspoed aan almal met die vol kwartaal wat voorlê.

By voorbaat dank

**E.L. KÄSNER
SKOOLHOOF**